

**Resensent: Dr J C van der Merwe**

Volgens Van der Walt self is hierdie 'n "gevaarlike boek" om ter hand te neem. Naby God wil skokkend, indringend, uitdagend en hoopvol wees. Hierdie boek is een van die talle boeke wat tans sekere kommerwekkende tendense in die kerk van naderby probeer bekry. In sy vooraf woord gee Van der Walt self die volgende inligting: "In die eerste plek skud hierdie boek deur die aandag te vestig op die tekens van verval by Christene en kerke. Aan die begin (die eerste hoofstuk) en aan die einde (tweede laaste hoofstuk) word die aandag op die simptome gevestig. Die eerste hoofstuk bevat die noodkreet van die Christenjeug wat nog kerklidmate is. Hoofstuk 9 gaan verder: dit sê waarom die mense die kerk vaarwel gesê het." Die boek wil ook 'n indringende boek wees. Hy wil nie slegs volstaan met die opnoem van onrusbarende simptome nie. Dit is indringend omdat dit na die oorsake vir die simptome probeer deurbring – wat Van der Walt na my mening uitstekend regkry. Daarmee saam wil dit ook 'n uitdagende boek wees. Van der Walt self stel dit so: "In die derde plek maak die terapie wat hierdie boek voorstel daarvan 'n aansporing, 'n opwekking – byna 'n provokasie. Die essensie van die uitdaging is (negatief) dat wat ons as "gereformeerde" of "reformatories" beskou, nie outentiek of eg is nie, maar 'n ontsellende afgewaterde produk. Dit wil dus (positief) oproep tot herontdekking van egte Bybels-Reformatoriese lewensvisie."

Wat hierdie boek besonder waardevol maak, is dat dit 'n Bybels-Reformatoriese lewensvisie vir die kerk en Christene in Suid-Afrika voorhou wat dit moontlik maak om eietyds en dinamies voluit in God se wêreld betrokke en relevant te wees. Dit staan dus nie 'n Christendom voor wat verdoof, beklem en verslaaf nie. Die Christendom wat hierdie boek voorstaan, gee nuwe lewe, dit bevat ontsaglike dinamiek en beteken ongelooflike bevryding.

Dan is hierdie boek ook bedoel om hoopgewend te wees. Enkele van die konkrete sake wat aangeroer word, is: die erkenning van die plek van die vrou in die kerk; die eerherstel van die profetiese amp van die gelowige; die radikalisering van die diakenamp; wenke vir effektiewer Woordverkondiging; die oorwinning oor gebedsarmoede; persoonlike groei in jou geloofslewe; 'n lewende omgang met God in die plek van geestelike bloedarmoede en nog baie meer.

Hoewel Van der Walt hom waarskynlik spesifiek op die "Doppers" rig (bls 20 en 27), slaag hy egter goed daarin om 'n reuse bydrae te lewer tot ernstige, eerlike introspeksie by al ons kerke. Die boek bevat geweldig baie insiggewende gegewens oor die jeug se kerklike betrokkenheid, vernuwing, die deurbreking van formalisme en talle ander sake. In die voorlaaste hoofstuk is daar 'n bondige bespreking

## ***Boekbesprekings / Book Reviews***

van geeste soos Feuerbach, Kierkegaard, Marx, James, Nietzsche, Freud, en Russel. Dit behoort waardevolle agtergrond te wees vir ampsdraers wat nie in die filosofie ingegrawe is nie is om die filosofiese agtergrond van bepaalde hedendaagse tendense te verstaan.

Ten spyte van lastige tikfoute soos byvoorbeeld *ens* in plaas van *en* bls 30; *kersnbedieninge* in plaas van *kernbedieninge* bls 78; *sinagogoe* in plaas van *sinagoge* bls 120, wil ek die boek sterk aanbeveel. Dit lewer 'n baie belangrike bydrae in die debat rondom die kerk se missionêre roeping en funksie-ervulling in die nuwe Suid-Afrika. Van der Walt lewer met hierdie boek 'n belangrike bydrae om veral die susterskerke in ons land se oë te open vir die feit dat vernuwing meer inhou as slegs "window dressing": vernuwing beteken 'n grondige herbesinning oor die wese van die kerk. Die boek slaag myns insiens uitstekend daarin om alle ampsdraers asook "gewone lidmate" wat bekommerd is oor die kerk, nie slegs tot nadenke te stem nie, maar tot verantwoordelike deelname aan te vuur en toe te rus.

